
# Arme Padda

Naam:

**Lees die volgende toneelstuk aandagtig deur.**

## Arme Padda



**PADDA**: Ag! 'n Arme padda kry dit swaar in die wêreld. Die son is weg, die wind waai, harde druppels val op my rug en daar is geen enkele vlieg om te vang nie.

**PADDA:** So-ja! Op die stoep! Dit was 'n gesukkel om teen die trappies op te klim, maar hier is dit darem beter as daar onder. Ek sal maar weer daar by die blombakke naby die kombuisdeur ...

**MUIS:** Wat kom maak jy hier, Padda?

© e-classroom 2015

**PADDA:** O! Môre, Muis! Kom weg daar by die blombakke. Jy sit op my plek. Ek het 'n vreeslike nag gehad, amper verdrink ...

**MUIS:** Waar was jy dan?

**PADDA:** Agter die huis teen die muur. Ek het onder die gras gekruip, maar dit was die verkeerde plek ... Net in die pad van die stroom water wat uit die geut stroom.

**MUIS:** Hou jy dan nie van water nie? Jy is dan 'n padda?

**PADDA:** Wat te erg is, is te erg!

**MUIS:** Woon julle dan nie in damme onder die modder nie?

**PADDA:** Jy beledig my, Muis! Ek is 'n fatsoenlike padda, nie 'n platanna nie.

**MUIS:** Maar jy lê darem jou eiers in damme en die kleintjies word daarin groot.

**PADDA:** Ja, ja, Muis, maar sodra ons sterte afval, verlaat ons die water en dan word ons ordentlike landdiere soos jy en al die ander. Maar, gee nou pad daar voor die blombakke. Hier kom dikwels kombuisvlieë verby en jy eet tog nie vlieë nie. Ek sit altyd daar en wag.

**MUIS:** Altyd? Juis daarom moet jy my ook eenmaal die kans gee om hier te sit.

**PADDA:** My plek is my plek, Muis. Jy hoort nie hier nie. Jy moet maar teruggaan na die pakkamer of onder die huis se vloer waar jy woon. Is dit nie gevaarlik vir jou hier op die stoep nie?

**MUIS:** Ja, maar sien, hulle het gisteraand die kat in die pakkamer gehad en kiste en kaste, sakke, blikke en trommels verskuif. Ek was so amper in die kat se kloue. Net betyds het ek by die deur uitgespring, om die huis gevlug en hier kom wegkruip. Nou wag ek my kans af om weer in te glip.

**PADDA:** Jy hoef nie juis hier te sit nie. Ek wil my plek hê. GEE PAD!

**MUIS:** Ek sal nie!

**PADDA:** Jy moet! Gee pad, Muis!

**MUIS:** Ek sal nie! Wat verbeel jy jou, ou skurwe padda! Hoor daar! Wat is dit?

**PADDA:** Maar hoor, jy is 'n dom muis! Die kombuisdeur maak altyd daardie geluid as dit oopgaan. Die stoep moet gevee word. Hier kom die besem. Nou sal jy moet spaander!

**MUIS:** Ek sal, Padda! Solank as hulle jou van die stoep vee, verdwyn ek ongemerk. Ek ken die pad: vinnig langs die muur, in by die deur, oor die vloer tot in die agterste hoek. Daar is 'n gaatjie! Totsiens, Padda, vat nou maar jou plek.

**PADDA:** Die ellendige muis! Hier kom die besem! Plak-plak-plak!

**MEISIE/SEUN MET BESEM:** Hiert, jou lelike ou padda! Af van die stoep! Weg! Daar trek jy oor die nat gras!

**PADDA:** Nare mense! Hulle gun my nie eens een van hulle kombuisvlieë nie! Nare mense!

# Die EINDE.

**A) Beantwoord die volgende vrae in volsinne waar moontlik.**

1. Noem die karakters in die toneelstuk. (3)

___

2. Waar vind hierdie toneelstuk plaas? (Plek) (1)

___

3. Watter probleme het die padda dat hy so beswaard is? (4)

___

___

___

4. Hoe weet ons dat die padda al voorheen op die stoep gesit het? (2)

___

___

___

5. Waar bly die muis gewoonlik en hoekom is sy op die stoep? (5)

___

___

___

___

___

6. Wat maak die padda op die stoep? (1)

___

© e-classroom 2015

7. Die muis sê dat sy ŉ ontsnappingsroete ken. Beskryf die roete. (3)

______________________________________________

______________________________________________

8. Wat gebeur op die ou end met die padda? (1)

______________________________________________

______________________________________________

Totaal: 20 punte

**B) Nommer die volgende sinne in die korrekte volgorde van gebeure in die toneelstuk.**

| | |
|---|---|
| Die padda kry vir Muis op die stoep. | |
| Die muis vertel hoe sy amper deur die kat gevang was. | |
| Die padda vertel dat hy amper verdrink het. | |
| Muis vra wil weet hoekom Padda nie van water hou nie. | |
| Muis hoor ŉ geluid. | |
| Padda word met die besem van die stoep afgevee. | |
| Padda klim teen die trappe op tot op die stoep. | |
| Padda verduidelik dat dit die deur is wat so ŉ geluid maak as iemand die deur oopmaak. | |
| Muis vlug. | |
| Padda sê dat muis moet padgee by die blombakke, want dit is waar hy altyd sit en wag vir ŉ huisvlieg. | |

**C) Som die storie kortliks in agt tot tien sinne op.**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________